

Dood en lewe : Die dood word gebore

Die duiwel se heel eerste stelling in die geskiedenis van hierdie wêreld was: "Julle sal beslis nie sterf nie,...". Ja, hy, die mensemoordenaar van die begin af, belowe 'n lewe wat soveel beter sal wees as die lushof van God, naamlik 'n lewe waarin die mens net soos God sal wees! Maar - die dood word gebore op die oomblik toe Eva en Adam saam met haar, van die mooi vrug eet. Aangrypend dat die dood al in die Paradys die lig sien, nog voordat Eva, die moeder van alles wat lewe, 'n enkele lewe in die wêreld kon bring!

Satan se stelling, naamlik dat die mens beslis nie sal sterf nie, was 'n infame leuen. Ja, die mens het nie, op daardie oomblik toe die sonde gedoen word, dood neergeslaan nie. Maar die mens sou ook nie, soos Satan belowe het nie, vir ewig lewe nie. Uiteindelik dryf God self die mens uit die Paradys, die lushof, omdat Hy wil voorkom dat die mens ook nog sy hand uitsteek en van die boom van die lewe ook eet, en dan vir ewig lewe. Hy, die Genadige, bepaal dat die mens nie die ewige lewe ontvang deur van die boom van die lewe te eet nie... Nee - in vers 15 belowe Hy iets anders, iemand anders wat met sy dood die ewige lewe gee. Met sy dood word die Satan oorwin. En met sy opstanding word die dood se sterwensdag aangekondig. Deur die sonde het die dood gekom. Die loon van die sonde is die dood. Maar die ewige lewe is 'n gawe wat ontvang word deur elkeen wat glo...

U wat dan dood voel - vanweë sondebeseft, ouderdom, siekte... U wat begeerte na die dood het - in 'n lewenstyl waarin die dood wink (spoed, losbandigheid, ens.). Weet en glo, dat hierdie lewe 'n gawe van God is en dat die lewe wat kom deur die aardse dood breek... Ook nou in 'n dooie hart gewerk word deur die Heilige Gees. Want - Christus, die HERE, het nie in die graf gebly nie! Die eerste dood kan niemand meer vashou nie...